# OMGEWINGSIMPAKSTUDIEPROSES

**VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE HUIDIGE ASVERWYDERINGSFASILITEITE BY DIE TUTUKA KRAGSTASIE, MPUMALANGA PROVINSIE**

**DEA Verwysingsnommer:** 14/12/16/3/3/3/52
**NEAS Verwysingsnommer:** DEA/EIA/0001416/2012

Kennis geskied hiermee ingevolge die Omgewingsimpakstudieregulasies (OIS-regulasies) wat gepubliseer is in Staatskennisgewing R543 van 2 Augustus 2010 kragtens Artikel 24 (5) van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA) en Staatskennisgewing 718 van 3 Julie 2009 kragtens Artikel 19 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval Wet (Wet 59 van 2008) (NEMWA); dat Eskom Holdings SOC Limited die uitbreiding van die huidige asverwyderingsfasiliteite by die Tutuka Kragstasie in die Mpumalanga provinsie voorstel.

Die voorgestelde projek behels 'n aantal Gelyste Aktiwiteite ingevolge die NEMA OIS-regulasies van 2010 en NEMWA wat magtiging verlang. Die Gelyste aktiwiteitnommers wat met die voorgestelde uitbreiding van die Asverwyderingsfasiliteite by Eskom se Tutuka Kragstasie, Standerton, gepaardgaan word in die tabel hieronder weergegee. Indien u 'n volledige afskrif van hierdie gelyste aktiwiteite verlang, kontak asseblief die Openbare Deelnamekonsultante.

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **NEMA** | No. R. 544 | 9 | 11 | 18 | 22 | 24 | 28 | 37 | 39 | 40 | 47 | 49 |
| | No. R. 545 | 6 | 15 | 26 | | | | | | | | |
| | No. R. 546 | 4 | 16 | 19 | 24 | | | | | | | |
| **NEMWA** | Staatskennisgewing 718 – Kategorie A | 19 | | | | | | | | | | |
| | Staatskennisgewing 718 – Kategorie B | 9 | 11 | | | | | | | | | |

Weens die feit dat die projek-aktiwiteite uit beide NEMA en NEMWA behels, is 'n geïntegreerde aansoek by die Nasionale Departement van Omgewingsake ingedien.

## *KENNISGEWING VAN 'N OMGEWINGSIMPSTUDIE- EN OPENBARE DEELNAME PROSES*

Lidwala Raadgewende Ingenieurs (SA) (Edms.) Bpk. is as die onafhanklike Omgewingsevaluerings-praktisyn aangestel om die nodige OIS, Afval-Lisensieproses, asook die gepaardgaande openbare deelnameproses te onderneem.

'n Agtergrondinligtingsdokument (AID) is opgestel om inligting te verskaf oor die voorgestelde projek en die OIS-proses wat onderneem word. Persone wat graag as Belanghebbende en/of Geaffekteerde Party wil registreer, 'n afskrif van die AID wil ontvang of kommentaar wil indien oor die voorgestelde projek, moet dit doen deur die kontakbesonderhede hieronder te gebruik:

**Nicolene Venter** of **Bongi Mhlanga**
**Lidwala SA (Edms) Bpk**

Posbus 32497, Waverley, 0135
Tel: (0861) 543 9252
Faks: 086 675 1103
E-pos: tutukaeia@lidwala.com